



Kompas

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 13 / no. 5
Mei 2004

Rwanda en Suid-Afrika

Aprilmaand was 'n maand van herdenkings. Twee herdenkings van gebeure wat tien jaar gelede plaasgevind het. In Suid-Afrika was daar in April 1994 die eerste demokratiese verkiesing waaraan alle bevolkingsgroepe deelgeneem het. Teen verwagtings in was daar 'n redelik rustige oordrag van die mag van die ou NP- na die nuwe ANC-regering. Mense het gepraat van 'die wonder van die nuwe Suid-Afrika'.

In dieselfde maand, April 1994, het daar in Rwanda 'n volksmoord losgebars waarby gewelddadige Hutu's om en by 800 000 Tutsi's en gematigde of halfbloed Hutu's vermoor het. Die moordenaars en hul families moes vlug en het in vlugtelingkampe in Noord-Oos Kongo beland. Mense het gepraat van 'die hel van midde-Afrika'.

Hoe kon dit sover kom dat hierdie volksmoord plaasvind? 'n Belangrike rede was die (nie-) optrede van die internasionale gemeenskap. Daar was soldate van die VN, van België en Frankryk in Rwanda, maar hulle is verbied om in te gryp. Hulle is selfs opgedra om aan die gebied te onttrek, en sodra hulle dit gedoen het, het die slagtings begin. Die feit dat die wêreld gesit en kyk het sonder om iets te doen, is 'n groot skande vir die VN en vir die internasionale gemeenskap in die algemeen.

Daar was vrese dat dieselfde in Suid-Afrika kon gebeur. Na die moord op Chris Hani was die spanning na aan breekpunt. Daar was vrese dat *toyitoyi*-ende swart hordes in die blanke stede en dorpe sou invaar. Daar was vrese dat regse blankes met bomaanslae die hele proses sou beduiwel. Maar uiteindelik het alles redelik vreedsaam verloop.

Hoekom het daar in Suid-Afrika nie 'n volksmoord plaasgevind nie? Redes wat dikwels genoem word is dat daar groot druk van die internasionale gemeenskap was dat die magsoordrag vreedsaam moes plaasvind, en ook dat die ou weermag en polisie nog in beheer van sake was.

'n Rede wat minder dikwels genoem word, is die invloed van die Christendom. 'n Mens kan van die Afrikaners sê wat jy wil, maar hulle het darem nie oorlog gemaak om hulle magsoorsposisie te verdedig nie. En aan die ander kant: 'n Mens kan van Mandela en sy kamerade sê wat jy wil, maar hulle het darem die versoeking om wraak te neem, weerstaan. Die stelling kan verdedig word dat die Christendom op albei partye 'n matigende invloed gehad het.

Tog kan ons uiteindelik nie regtig verklaar waarom daar in Rwanda wel 'n volksmoord plaasgevind het en in Suid-Afrika nie. Ons kan maar net die Here dank, want Hy het baie gebede verhoor.

In Hierdie Uitgawe



Tema: Die werk van die Heilige Gees

- **Hy wat met die Heilige Gees doop** 3
"Soos wat die doop met water 'n onherhaalbare gebeurtenis is, word die doop met die Gees as eenmalige gebeurtenis gesien."
- **Doop en vervulling** 5
- **Die charismatiese beweging** 9
- **Kommentaar: The Passion of the Christ** 2
- **KOMPAS-redaksie** 11
- **Onderhoud met teologie-studente** 12
- **Verkiesing 2004 - 'n nabetraging** 15

Nog kommentaar oor 'The Passion'

Dr A.J. de Visser

PEILING

In die vorige uitgawe van Kompas was daar 'n artikel van ds. TG van Raalte oor die rolprent 'The Passion of the Christ' van Mel Gibson. Nadat ons die stem uit Kanada gehoor het, is dit die moeite werd om ook na 'n paar kommentare uit die Nederlandse kerke te luister.

In 'n manifes wat in verskillende koerante verskyn het, het 'n groep predikante wat hulleself 'Media-Wijzer' noem, hul besware teen die rolprent bekend gemaak. Hulle noem vyf besware.

1. Niemand kan God naspeel nie.
"Jesus Christus is God en mens tegelyk. Dit beteken dat dit baie moeilik is, liever gesê onmoontlik en uitgeslote, om

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel
G de Jager (voorsitter)
BJ Kamphuis
A Bron (sekretaris)
Tel. (012) 332-0943

Drukker: Printburo
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: dr AJ de Visser
(eindredakteur)
ds C Kleijn
J Moes
A Roos
Mev. M de Vries

Redaksie: Mev. M de Vries
Cunninghamlaan 1299
Waverley 0186
Tel. (012) 332-3168

E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide
Oldenkottebrink 60
7544 LP Enschede
Tel. (053) 478 4561

Administrasie: Mev. ICW Buenk
Posbus 23931
Gezina 0031
Tel. (012) 331-3750

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode: 16 03 45
Rek. nr: 1603 031 820
Vermeld asb. u Naam & Lidnr

Intekengelde (per jaar):
E-pos: RSA R40
Buiteland • 10
RSA: R80 (per hand)
R90 (per pos)
Buiteland: Seepos • 30
Lugpos • 40

God se wese op die silwerdoek vas te lê. Wie is in staat om die rol van God te speel? Selfs die volkome menswees van die Seun van God kan nie nagespeel en in 'n rolprent weergegee word nie. Wie is in staat om sy sondeloosheid uit te beeld?"

2. Niemand kan weergee wat Christus gely het nie.
"Reeds vanaf sy geboorte het sy lyding begin. In Getsemane het Hy die beker van God se toorn gedrink en op Golgota is Hy deur sy Vader verlaat. God se toorn oor die sonde van die hele menslike geslag moes Hy dra en wegdra. Reeds Moses het dit uitgeroep: Wie ken die krag van U toorn?"
3. Om emosioneel te raak oor Christus se lyding is nie dieselfde as om in Hom te glo nie.
"Tydens sy laaste gang deur Jerusalem het vroue so ontroerd en emosioneel geraak, dat hulle in trane uitgebars het. Maar dan sê Jesus: Moenie oor My ween nie, ween oor uself."
4. Slegs die Woord van God gee die regte sig op Christus se lyding.
"Die gevaar is groot dat die beelde wat 'n mens in die rolprent gesien het, 'n struikelblok kan word om Christus se betekenis, soos wat die Woord van God daarvoor spreek, reg te verstaan. Nie elke middel is geskik om sondaars by Christus te bring nie. Dit moet getoets kan word aan die Woord van God."
5. God het self tekens gegee wat ons sal help om in Christus te glo, naamlik die doop en die nagmaal.
"By die heilige doop word die bloed van Christus, wat ons sondes afwas, uitgebeeld. By die bediening van die nagmaal sien ons deur die geloof die gebroke liggaam en die vergote bloed van Christus. Dit is die tekens wat God aan ons gegee het om Christus aan ons te wys in sy versoenende lyding en sterwe."

GEWELD

Die tweede beswaar wat hierbo

genoem is, naamlik dat die rolprent nie regtig Christus se lyding kan weergee nie, word ook in ander kommentare genoem. P.A. Bergwerff, hoofredakteur van Nederlands Dagblad, skryf in 'n kommentaar dd. 27 Maart die volgende:

"In die hewige diskussies oor Mel Gibson se rolprent The Passion of the Christ is dit 'n belangrike vraag of die rolprent 'n korrekte beeld van lyding van Jesus Christus gee. Ons meen dat hierdie vraag negatief beantwoord moet word. Wat Gibson doen, is uiteindelik slegs 'n uitbeelding van die lyding van die mens Jesus. Daardie lyding was gruwelik maar nie uniek nie. Die eenmalige en unieke kenmerk van die offer van Jesus Christus was juis dat Hy – wat tegelyk God en mens was – die onpeilbaar sware skuldelaas van 'n ontelbare skare van mense op Hom geneem het. En dat God Hom in daardie stryd heeltemal alleen gelaat het."

Bergwerff kritiseer ook die gewelddadige manier waarop Christus se lyding in die rolprent weergegee word: *"Die evangelies self is baie meer sober in die beskrywing van Christus se lyding. Gibson wil blykbaar die gruwelikheid van Christus se lyding aan die publiek oordra. Ons hoef nie die integriteit van sy bedoelings te betwyfel nie, maar dit is die vraag of hy nie juis die teenoorgestelde effek bereik nie. Soos iemand gesê het: 'n Mens raak afgestomp deur al die geweldtonele. Na die eerste uur het 'n mens al so baie geweld gesien dat die tweede uur nie meer 'n effek op jou het nie."*

Bergwerff wys daarop dat geweld in ons kultuur blykbaar 'n vorm van 'entertainment' is. Rolprente soos *Schindler's List* en *Saving Private Ryan* beeld die geweld van die Tweede Wêreldoorlog meer realities uit as ooit tevore. Mel Gibson was reeds voorheen betrokke was by die vervaardiging van gewelddadige films. Dit was vanselfsprekend dat hy die lyding van Christus ekstrem realities sou uitbeeld, anders sou die rolprent nie 'verkoop' nie. Bergwerff se konklusie is dat Gibson hom te veel aan die wense van die publiek gesteur het. *"En daarmee het hy die verbreiding van die boodskap van die Hoofpersoon van sy film 'n slegte diens bewys."* ☩

HY WAT MET DIE HEILIGE GEES DOOP ...*

Ds E Viljoen



TEMA: DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES

Van vroeg in die 20'e eeu, maar veral na die Tweede Wêreldoorlog, is dit die Pinksterkerke en met name die Charismatiese Beweging wat die Doop met die Heilige Gees voorhou as 'n noodsaaklike tweede seën. Elke gelowige behoort dit te begeer en ontvang nadat hulle tot geloof gekom het. Dikwels het dit Gereformeerde gelowiges verleë gelaat met dit wat eintlik vir hulle só onbekend klink naas die doop met water wat wel vir hulle bekend is. Die doop met/in die Heilige Gees word as 'n norm/vereiste gestel om werklik as kind van God te leef. Aan hierdie doping word die blydschap in die geloof en veral die spreek in tale verbind. Dit is dikwels eersgenoemde wat baie jonger lidmate aanspreek. Hulle ervaar dikwels so min vreugde in die gemeente. Die belofte van ongekende en byna onophoudelike blydschap wat deur die doping met/in die Gees ontvang word, laat 'n sterk aantrekkingskrag na die Pinksterkerke uitgaan.

EENMALIG?

Veral onder die invloed van die Pen-tikostalisme, maar verseker ook onder die invloed van 'n post-moderne kultuur waarin ervaring die wagwoord geword het, word die "doop met die Heilige Gees" veral verstaan as 'n *eenmalige* ervaring of daad van die Gees. Soos wat die doop met **water** 'n onherhaalbare gebeurtenis is, word die doop met die **Gees** as eenmalige gebeurtenis gesien.

As reaksie teen die klem op die doop met die Gees as tweede *ervaring* in die lewe van die gelowige nadat aanvanklik tot geloof gekom is, stel gereformeerde teoloë dikwels die doop met die Gees as 'n *onherhaalbare eenmalige* gebeurtenis op Pinksterdag. Hierdie standpunt moet in die lig van die getuienis van die Nuwe Testament afgewys word. Die doop met die Gees beskryf nie dit wat eenmalig op Pinksterdag gebeur het nie, maar juis die *voortgaande* werk van die Verlosser-Messias tot op die dag van die oordeel. Die

Here Jesus doop nie net met die Gees nie, maar ook met vuur. Die doop met die Gees dui op die oorvloedige werk van Christus deur die Heilige Gees na sy verheerliking



Matt. 3:16 - die doop van Jesus (illustr. C. Jetses)

aan die regterhand van die Vader, totdat Hy self sal kom om met vuur te doop op die dag van oordeel (Matt. 3:10, 12).

NIE LANK NÁ HIERDIE DAE NIE...

In al vier die evangelies vind ons hierdie opvallende belofte van Johan-nes die Doper dat ná hom Een kom wat met die Heilige Gees doop. Net voor Christus se hemelvaart hoor ons dieselfde belofte uit die mond van ons Here Jesus self: "...*Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie*" (Hand. 1:5). Op Pinksterdag getuig die apostel Petrus dat hierdie belofte van die Doper en Jesus nou 'n werklikheid geword het: "*Nadat Hy dan deur die regterhand van die Vader verhoog is en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dít uitgestort, wat julle nou sien en hoor*" (Hand. 2:33). Dit moet in alle geval vir ons heel duidelik wees dat dit Christus is wat met die Gees doop. Die Skrif praat nie van 'n doping "deur" die Gees self nie!

Die belofte van Johannes die Doper oor die Messias was dat Hy wat ná hom kom, met die Gees en met vuur sal doop. Die nuwigheid van hierdie belofte was nie dat die Gees vir die eerste keer gegee sal word vir die kerk van die Here nie. Wat wel nuut is, is die Een wat die Gees gee! Die Een Wie se skoenriem die Doper nie eers waardig is om vas te maak nie;

Hý sal nou die Gees gee. Die nuwigheid is die Lam wat die sondes van die volk van die Here wegneem, wat nou met die Gees sal doop.

TOT OP DIE DAG VAN VUUR

Hy neem die volk van die Here se sondes weg en kan dáárom die werk van die Gees in hulle midde waarborg. Dit was die belofte van die Ou Testamentiese profete soos Esegieël (37:14), Jesaja (63:10) en Joël (2:28-30). Die belofte oor die Messias was nie dat Hy iets eenmalig in die toekoms sal kom doen nie. Die Messias kom waarborg juis die *blywende* werking van die Gees in die midde van die gemeente van die Here. Deur die werk van dié Gees sal die volk van die Here gered word van die komende oordeel in vuur. Die doping met die Gees red van die doop met vuur!

DIE LAASTE DAE

Die kenmerkende van die laaste dae waarin die Gees uitgestort word, waarvan Joël profeteer, is die **oortloed** van die Gees se werking. Oortloedige gawes word uitgedeel – jonk en oud, mans en vroue profeteer. Hierdie oortloed word vir die *eerste keer* sigbaar op Pinksterdag. Maar dit is nie die *enigste* keer nie! Ná Pinksterdag word die Heilige Gees nog 'n paar keer weer uitgestort op dissipels van Jesus.

Een só 'n opmerklike geval, is die Gees wat kom oor die mense in die huis van Cornelius (Hand. 10). Wanneer die Gees op die gelowiges uit die heidendom (m.a.w. nie-Jode)

kom, is die broeders wat saam met Petrus gekom het, verbaas. Die verrassende vir hulle was nie dat die Gees 'n tweede keer uitgestort word nie. Dit is immers deel van die werk van Christus sedert sy hemelvaart soos Hy belof het. Die verbasende vir die broeders was dat die Gees uitgestort word ook oor nie-Jode!! Christus doop nie met die Gees onder die nageslag van Abraham nie, maar ook hulle wat deel het aan dieselfde geloof as Abraham.

“HY MOET MEER WORD EN EK MINDER”

Die laaste dae, die tyd tussen Christus se ontvangs in die hemel deur die Vader as regverdige Middelaar, word gekenmerk deur hierdie oortloed en blywende teenwoordigheid van die Gees in en oor die gemeente van Christus. Die Gees kom nie “in mate” nie, maar in oortloed. Oortloed van gawes, maar ook oor elkeen wat glo, of dit dan Jood of nie-Jood is! Daarom kan die apostel Paulus aan die verskeurde gemeente in Korinthe sê: “*Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge*”. 'n Verskeidenheid van gawes, maar gedoop met een Gees. 'n Oortloedige, blywende doping met die Gees waarvan die hele gemeente van Christus deurdronge is.

Johannes die Doper maak die belofte van Jesus wat sal doop

met die Gees om die oortloed van die seën aan te dui in vergelyking met wat hy self gedoen het. Johannes was baie goed bewus daarvan dat hy die vriend van die Bruidegom is wat hom ook werklik verbly het oor die stem van die Bruidegom wat gekom het (Joh. 3). Die Doper getuig daarom van die Een wat ná hom sou kom, wat nie mense in water sal doop nie, maar iets doen wat geen ander mens ooit kon of sal kan doen nie. Hy wat ná hom kom sal doop met die Gees en vuur. Johannes wou daarmee alle geloof en aandag vestig op Jesus as die Seun van God wat ná hom sou kom.

Jesus moes méér word en Johannes minder. Johannes stel daarom self sy eie werk in die skadu van die groter werk wat Jesus sal doen. Johannes se beperkte menslike werk word met hierdie belofte van die doop met die Gees en vuur, vergelyk met die goddelike werk wat Jesus sou kom doen. Hy wat van bó kom is bo almal. Ook bó Johannes die Doper. Dáár lê die besondere betekenis van hierdie belofte. Alle aandag word gevra vir wat Jesus self doen vir hulle wat in Hom glo as die Een wat “van bó” kom (Joh. 3:31).

** Uittreksel uit 'n lesing gehou by die opening van die Teologiese Skool van die Vrye Gereformeerde Kerke oor Die leiding van die Heilige Gees. †*

Doop en Vervulling (I)

- Die weg tot vervulling met die Gees -

Ds. J. van der Linden



TEMA: DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES

“...word met die Gees vervul”. Dit is die opdrag wat ons kry in Ef. 5:18. ‘n Opdrag wat ons in die hart gryp, want dit is ‘n opdrag wat aan ons die weg wys om vol te word met die Gees! As gelowiges is dit tog ons begeerte? Tog is dit ook ‘n opdrag wat eintlik ‘n bietjie vreemd op ons afkom. Dit word in die passief geskryf: *word vervul*. Aan *ons* word die opdrag gegee, en tog is dit duidelik nie ons wat hierdie opdrag kan uitvoer nie. Dit word aan ons gedoen! In hierdie artikel hoop ons om stil te staan by die heerlike geheimenis (openbaring!) om vervul te word met die Gees.

JESUS DIE DOPER

In die evangelie van Mattheüs, Markus en Lukas verwys Johannes die Doper na Christus se doop met die Gees in toekomstige terme. Christus is die een wat *sal* doop met die Gees. Hierdie evangelies gee ‘n baie duidelike verwysing na Pinkster (vgl Hand. 1:5). Christus sal ‘n nuwe bedeling inlei.

In die evangelie van Johannes kry ons egter ‘n ander fokus as die doop met die Gees genoem word. Hierdie fokus van Johannes is veral belangrik teen die agtergrond van die boek. Johannes skryf sy evangelie in ‘n tyd dat hy die enigste oorlewende apostel is. Verval, louheid en laksheid het die kerk van Christus bedreig. Die kerke het begin ly onder geestelike armoede. En nou wil Johannes hulle weer wys op wie Jesus die Christus is (Joh. 20:30-31), veral

ook vir die kerke in hulle huidige situasie na Pinksterdag.

As Johannes daarom gaan skryf oor die doop met die Gees, dan praat hy in die teenswoordige tyd: “...dit is Hy wat met die Gees doop” (Joh. 1:33). Dit is ‘n verwysing na ‘n *voortdurende handeling* wat plaasvind! Christus sal nie maar net een keer doop met die Gees op Pinksterdag nie, Christus *is* die dooper met die Gees. Net soos wat ons Johannes die Doper so noem omdat dit *kenmerkend* van sy werk was, so leer ons nou ook Christus ken: Christus die Doper!

Die hele konteks in Joh. 1 wys dit vir ons. Soos wat die vergifnis van sondes sentraal staan en ‘n voortdurende werk van Christus is (Joh. 1:29), net so sentraal en voortdurend is Christus se doping met die Gees (Joh. 1:33). Hierdie twee dinge word saamgevoeg as een geheel in Joh 1!

Dit is die hoop van God se volk in tye van laksheid, verval en geestelike armoede: Christus is die dooper met die Gees, en Hy is *steeds* daarmee besig! Hy dompel ons as ‘t ware onder in die Gees, so oorvloedig word die Gees aan ons uitgedeel.

ON-GEESTELIK

“Met julle kan ek nie praat soos met *geestelike* mense nie”. So sê Paulus vir die Korinthiërs (1 Kor. 3:1). Hulle is vleeslik en nie geestelik nie. Opvallend van hierdie woorde is dat Paulus later van dieselfde Korinthiërs sê dat hulle gedoop is met die Gees (1 Kor. 12:13). Hulle

is so volledig *Geestelik*, hulle het die Gees groots en oorvloedig ontvang. En tog is hulle so totaal *on-geestelik*.

Hierdie Korinthiërs was vol (1 Kor. 4:8), maar vol van hulleself! Twis en tweedrag, hoogmoed, wêreldse lewensstyl ens. Dit is die tragiese werklikheid van wat met ‘n gemeente kan gebeur wat gedoop is met die Gees! Totaal benede peil. Totaal onder die maat van wat Christus aan sy kerk uitgedeel het.

NORMAAL?

Die skrikwekkende van so ‘n ongeestelike lewensstyl en kerklike praktyk (soos by die Korinthiërs) is dat dit *normaal* kan word in die kerk. Nee, ons besef dat die volmaakte nie in hierdie lewe bereik sal word nie. Maar tog is die vraag wel: Met watter maat meet ons? So sien ons byvoorbeeld hier by die Korinthiërs dat hulle baie sterk aangespreek kan word oor hulle ongeestelikheid, omdat hulle geestelik (*Geestelik behoort* te wees. Hulle is dan gedoop met die Gees, so oorvloedig het hulle die Gees ontvang! Christus het nie maar net gesê dat Hy sy Gees wil *gee* nie, Hy *doop* met sy Gees!

En dit bepaal ook wat “normaal” is in die kerk van Christus. *Ons meet volgens die maat waarmee Christus aan ons uitgedeel het*. Ons verwagting vir God se werk in ons en in sy gemeente is groot, want Christus *het* sy gelowige kinders gedoop met die Gees. Dit beteken nie dat ons nou baie van onself gaan verwag nie, maar dat ons baie van die Doper en van die Gees verwag.

Ons kan ook baie gou ingestel raak op geestelike armoede. Dan word ons gedagtes en ons hele manier van doen afgestem op swaakheid en karigheid. Ons werk tog maar net met mense?

Ons hoor dit ook dikwels in ons gesprekke oor die werk van die Gees. Daar word dan in baie algemene terme oor die Gees gepraat, byvoorbeeld dat Hy die geloof, wedergeboorte en gehoorsaamheid werk. En dit is op sigself natuurlik baie belangrik. Maar dit het die Gees tog ook in die Ou Testament gedoen?

Ons moet ook verder gaan as dit. Christus het ons ryker gemaak as in die Ou Testament. In die Ou Testament het die Gees met mate gewerk, maar “Hy wat die Gees nie met mate ontvang het nie” (Joh. 3:34), Hy deel hierdie Gees nou ook oorvloedig uit. Strome en strome van lewende water gaan van Hom uit (Joh. 7:38)!

En daarom moet ons ook in die geloof leer om met *hierdie* maat te meet. Nie volgens ons ervaring (by myself of in die gemeente) en nie volgens my goeie mensekennis nie, maar volgens die belofte van die oorvloed waarmee Christus my as gelowige gedoop het. Ons kan ook onder die maat leef. Ons kan ook nog leef asof ons in die ou verbond staan.

Die taal en krag van die nuwe verbond leer ons dat die kennis en liefde en toewyding en selfopoffering en dank nog meer oorvloedig, dieper, breër moet wees. Nou is ook duidelik dat *ons* nie groter word in die nuwe verbond nie. So het die Korinthiërs gedink. Vol van hulleself! Nee, ons word kleiner as in die ou verbond, deur die kragtiger werking van die Gees in ons.

OPDRAG

Ons het nou gehoor van die Korinthiërs wat vervul (gedoop) is met

die Gees, en wat tog ongeestelik geword het. Vol wees met die Gees is dus nie ‘n statiese saak nie. Ons kan ook die beheersing met die Gees weer “verloor”. So kan ons byvoorbeeld die Gees bedroef (Ef. 4:30) of blus (1 Thess. 5:19). Dit is in hierdie verband dat ons ook die opdrag kry om vervul te word met die Gees. Vervulling met die Gees is iets wat herhaaldelik moet plaasvind. So hoor ons byvoorbeeld van die gelowiges wat reeds by Pinkster vervul is met die Gees, dat hulle *weer* vervul is met die Gees in Hand. 4:31.

Die opdrag om vervul te word met die Gees – iets wat dus van buite aan my gedoen moet word – moet ons allereers in verband bring met Christus se doping met die Gees. Dit is toe Christus *doop* met die Gees by Pinkster dat die gelowiges *vervul* was met die Gees (Hand. 2:4). Hierdie twee sake hoort bymekaar!

God gee aan *ons* die opdrag (vervulling), maar *Christus* moet dit in ons doen (doping). Voor enige iets anders is dit die weg wat ons moet sien vir die vervulling met die Gees: *Ons moet vra wat Christus aan ons wil gee*. Ons moet vra vir die *vervulling* met die Gees, Christus wil ons *doop* met die Gees. So sien ons dat die weg van vervulling met die Gees nie maar net iets is vir ‘n uitgesoekte groepie mense nie, maar dat dit vir almal oopstaan. Want Christus het *reeds* al sy gelowige kinders gedoop met die Gees, en wil hulle ook weer vervul met die Gees.

DIE WEG

Ons het dus nou gesien dat ons opdrag om vervul te word met die Gees, alles te doen het met ons *gebed* tot die Doper met die Gees. Opvallend dan ook dat ons in Hand. 4:31 lees dat die eerste gemeente in gebed was toe hulle vervul is met die Gees. In afhanklikheid en verwagting, pleitend op Christus se belofte om ons te doop met die Gees word ons gebede verhoor!

Saam met die gebed wys die Skrif egter ook aan ons ander aspekte van die *een* weg om vervul te word met die Gees. In Galasiërs lees ons dat die Gees ontvang is “uit die prediking van die geloof” (Gal. 3:2). Wanneer ons die Geesge-*asemde* Woord in die geloof ontvang, word ons vervul met die Gees!

‘n Ander belangrike aspek van die weg tot vervulling is die *gehoorsaamheid*. So lees ons in Hand. 5:32: “...die Heilige Gees wat God gegee het aan die wat gehoorsaam is”. Die gehoorsaamheid wat uit die Gees se werk voortvloei, is juis ook die weg waarlangs God ons wil vervul met die Gees! Hoe meer ons (deur die Gees!) ons daarop toelê om God te gehoorsaam, hoe ryker word ons beloon met nog ‘n dieper werk van die Gees.

Die weg tot vervulling met die Gees is nie ‘n vinnige suksesresepte nie. Dit vra ‘n *lewe* van gebed en verwagting, luister en glo, oorgawe aan Christus, toewyding en gehoorsaamheid.

In hierdie opdrag om vervul te word met die Gees, hoor ons die begeerte van Christus: *Wat sinds Pinkster moontlik is, moet nou ook werklikheid bly!* ✠

Doop en Vervulling (II)

- Die uitwerking van die vervulling met die Gees -

Ds. J. van der Linden



TEMA: DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES

Deur die vervulling met die Gees gaan daar vir ons 'n ryke lewe oop, 'n lewe met die Here en in diens van die Here. Juis in die brief wat aan ons die opdrag gee om vervul te word met die Gees (Efesiërs), word die werk van die Gees vir die gelowige so heerlijk beskryf. Sy werk is om ons die lei in die hoogte en diepte, lengte en breedte van die liefde van Christus, asook om ons te vervul met die volheid van God (Ef. 3:17-19). Die seën op toewyding aan die Here is groot!

Ons wil in hierdie artikel stilstaan by wat dit inhou om vervul te wees met die Gees, en daarmee saam ook die uitwerking van die lewe met die Gees.

BEHEERS DEUR DIE GEES

Deur die weg wat Christus aangewys het (vorige artikel), wil Christus ons vervul met die Gees.

By hierdie woord "vervul" dink ons baie keer aan hoeveelhede, aan kwantiteit. Maar die Gees is 'n Persoon, en daarom dat ons nie in hierdie terme oor die vervulling met die Gees kan praat nie. Om dit maar so te stel: Om vervul te word beteken nie dat ons net 'n halwe Gees kan ontvang nie, maar dat die Gees net 'n halwe mens kan ontvang. Ons ontvang die *hele* Gees, maar die Gees ontvang nie altyd die *hele* mens nie.

Oor die vervulling moet ons dink in terme van kwaliteit, in terme van die effek op my lewe. Vervul beteken dat my lewe beheers word deur die Gees. My denke en hart word in beslag geneem. My totale menswees word gebruik deur die

Gees. Hy lei my op die regte weë, om die regte keuses te maak. Hierdie beheersing deur die Gees sien ons telkens weer as die Skrif praat oor die vervulling met die Gees. Ons wil hieronder probeer om 'n prentjie te teken van hoe diep en breed die lewe "vol van die Gees" is. Dit doen ons aan die hand van 'n paar Skrifgedeeltes wat handel oor die vervulling met die Gees.

GEMEENTELEWE

Watter gemeente lees nie met jaloesie Hand. 2 oor die lewe van die eerste Christelike gemeente nie? Volhard in die leer, gemeenskap met mekaar en aan nagmaals-tafel, gesamentlike gebede, lofsang aan die Here, offervaardigheid. Selfs met dit wat so naby aan ons hart is, ons besittings, het hulle mekaar met oorgawe en sonder enige terughoudendheid gedien.

Wat belangrik is in hierdie beskrywing, is die feit dat ons hier praat van 'n gemeente wat so pas vervul is met die Gees! Deur Christus se oorvloedige genade oor sy gemeente word so 'n lewe moontlik. Christus self bring die eenheid en die verbondendheid aan mekaar. So is selfs ook van die Korinthiërs gesê dat hulle "almal deur een Gees gedoop is tot een liggaam" (1 Kor. 12:13). Dit is die rykdom van die nuwe verbond vir God se gemeente ...

ONS TAAK

Die vervulling met die Gees het ook 'n baie spesifieke gerigtheid ten opsigte van ons taak in die gemeente en in die wêreld. Reg aan die begin van die boek Handeling

kom ons dit herhaalde kere teë. So byvoorbeeld het die gemeente dreigemente ontvang om nie meer die evangelie te verkondig nie. Dit is dan ook in hierdie verband dat hulle die Here gebid het vir vrymoedigheid om tog te spreek. Die Here het hulle gebed verhoor deur hulle te vervul met sy Gees (Hand. 4:31). Die Gees van vrymoedigheid! Of dink maar aan die Geesvervulde Petrus (Hand 4:8). Petrus wat nog maar kort tevore weggevlug het van Jesus uit ang vir die Sanhedrin, wat nou skielik hierdie selfde Jesus voor die Sanhedrin verkondig. In hierdie geskiedenis van Petrus sien ons byvoorbeeld ook hoe die Gees bekwaam maak vir ons taak. Verder kan ons dink aan hoe die profete in die Ou Testament vervul is met die Gees om hulle taak te kon doen.

Vrymoedigheid, ywer, bekwaamheid. Alles wat troue diensknegte en gemeentes nodig het vir hulle Godegewe taak, dit word verbind aan die vervulling met die Gees. Maar selfs ook nog meer as dit. In die geskiedenis van Stefanus (Hand. 7) sien ons selfs hoe die vervulling met die Gees ook krag gee om die *gevolge* van ons dienswerk te dra, selfs ook as dit die dood beteken.

Wat juis so mooi is van hierdie gedeeltes is dat Christus Self ingryp om sy diensknegte te vervul met die Gees. In die dienswerk wat (byvoorbeeld) Petrus en Stefanus in gehoorsaamheid wil volbring, gee Christus hulle dan ook wat nodig is vir hulle taak. Sonder dat hierdie diensknegte vir die vervulling met die Gees bid, weet die Heer

wat hulle nodig het! Die Heer self vervul sy diensknegte met sy Gees sodat hulle hul taak ook kan uitvoer (Vgl Hand. 4:8 en 7:55 e.v.). Christus gee Stefanus sy Gees *in oorvloed*, sodat Stefanus sy gees *met oorgawe* aan Christus kan gee! Met die Gees vervul het ons *alles* wat nodig is vir ons roeping.

LEWENSWANDEL

Die fokus op die vervulling met die Gees en die lewenswandel, vind ons veral in Ef. 5 (die hoofstuk wat die opdrag tot vervulling met die Gees bevat, Ef. 5:18).

Hierdie opdrag tot vervulling staan in verband met al die opdragte wat daaraan voorafgaan en daarop volg. Die hele Efesiërs 4-6 staan in die kader van vervulling met die Gees. So het dit byvoorbeeld te doen met die “nougeseet wandel” en om die “wil van die Here te ken” (5:15,17). Ook wat volg op die opdrag tot vervulling met die Gees is opvallend. Die vervulling met die Gees het as deurwerking die lof en dank aan die Here (5:19), die onderdanigheid in die gemeente (5:21), die goeie verhouding tussen man en vrou, ouers en kinders, werkgewers en werknemers (5:22-6:9). Die *hele* lewe kom ter sprake, so diep en wys is die beheersing van die Gees!

ERVARING?

In verband met ons verwysing na Ef. 5 hierbo, wil ons net ‘n synota maak oor die ervaring wat verband hou met die doop of vervulling met die Gees. Ons hoor gereeld hoe mense die vervulling met die Gees direk koppel aan sekere besondere

ervarings. Hierdie spesifieke ervaring is dan toets of die vervulling met die Gees wel eg is. Dit is waar dat die Skrif by sommige geleenthede waar iemand vervul word met die Gees ook melding maak van besondere ervarings. Tog hoor ons geensins orals daarvan nie.

Eerder wys die Here ons in ‘n ander rigting as dit gaan oor die vervulling met die Gees en ervaring. Maar dan gaan dit nie oor die ervaring by die *ontvang* van die Gees nie, maar ‘n ervaring *as gevolg van* die vervulling met die Gees. Die ervaring is nie een of ander vreemde gevoel nie, maar ‘n drang om te sing en God te dank! Na die opdrag tot vervulling met die Gees in Ef. 5:18, word daar gepraat oor die sang en dank aan die Here! Dit is die “normale” reaksie op die vervulling met die Gees! So lees ons byvoorbeeld ook in Hand.

13:52 dat die volheid van die Gees verbind word aan die blydschap. Die lewe deur die Gees is ‘n vreugdevolle saak!

BEELD VAN CHRISTUS

Uiteindelik wys die vervulling van die Gees ons op die lewe van onse Here Jesus Christus. Die uitwerking van hierdie vervulling sal altyd wees dat ons steeds meer aan sy beeld gelyk word. Want op Hom het die Gees van God gedaal en daar *gebly* (Joh 1:33). Hy was altyd vol van die Gees, en het ook in alles gewerk in die krag van die Gees (Luk. 4:1,14). Vir Hom was dit ‘n vreugde om die wil van sy Vader te doen!

ONEINDIGE SEËN

As konklusie op albei die artikels wil ons allereers wys op die konteks waarin die opdrag staan “om vervul te word met die Gees”. Paulus is in Ef. 4 en 5 besig om te wys op die “vroeër” en die “nou”. Vroeër was julle heidene, nou is julle kinders. Vroeër duisternis, nou lig.

En hiermee wil Paulus dan sê: Sien raak wie julle geword het! Begin *leef* vanuit dit wat julle ontvang het. Dit is presies waaroor dit gaan in die vervulling met die Gees. Die gelowiges *is* gedoop met die Gees, nou moet ons begin *leef* uit dit wat ons ontvang het. Ons moet die volle waarde van die doping met die Gees weer beseef! As dit gaan oor die doping en vervulling met die Gees, dan is dit ons opdrag: *Gaan leef volgens wie ons is en wat ons gekry het!*

Ons lewe deur die Gees kan baie op en af gaan, daarom ook dat die vervulling met die Gees ‘n *blywende* opdrag is. Keer op keer op keer weer! Hoe arm is mense wat dan nog glo aan ‘n “second-blessing” (‘n tweede seën nadat tot geloof gekom het). Aan ons wil Christus ‘n tweede seën, en ‘n derde seën, en ‘n vierde en ‘n vyfde ... Christus wil ons *oneindig* seën (oneindig vervul) met sy Gees! Hy is die *blywende* Doper!

Ja, en dan glo ons nie aan ‘n herhaling van Pinksterdag nie. Maar tog is ons verwagting oneindig groot, want ons glo aan *dieselfde* Doper en *dieselfde* Gees van Pinksterdag! ✠

DIE CHARISMATIESE BEWEGING

Dr AJ de Visser



Geref. Kerken in Apeldoorn. Prof Maris bied 'n insig-gewende analise van die charismatiese beweging waarin hy ses kenmerkende patrone van charismatiese denke identifiseer en dit dan in die lig van die Skrif evalueer.

TEMA: DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES

Die charismatiese beweging het 'n aantrekkingskrag op lidmate van die tradisionele gereformeerde kerke. Mense vind by charismatiese gemeentes blykbaar iets wat hulle by die tradisionele gereformeerde kerke nie vind nie: aksie, lewendigheid, krag. Mense sê dat die Heilige Gees in die charismatiese gemeentes op 'n manier werk wat ons in ons eie kerke nie ken nie. Is dit waar?

Natuurlik kan dit so wees dat daar 'n doodsheid in sommige tradisionele gereformeerde kerke ingetree het. Die Reformasie, wat 500 jaar gelede plaasgevind het, was seker die grootste vernuwingsbeweging in die geskiedenis van die kerk, maar die lewendigheid van die Reformasie het dikwels tot dooie konserwatisme verval.

Moet ons dan sê dat die charismatiese beweging 'n noodsaaklike korreksie op dooie ortodoksie beteken? Nee, daardie gevolgtrekking is te maklik. Ook as die gereformeerde kerke almal springlewendig was, sou daar nog steeds konfrontasie met die charismatiese beweging wees. Reeds in die bloeityd van die Reformasie was daar konfrontasie met charismatiese bewegings (bv. die wederdopers). Reeds in daardie tyd was daar groepe wat gespog het dat die Heilige Gees by hulle kragtiger werk as in die kerke van die Reformasie. Die Reformatore het nie alleen teen Rome stryd gevoer nie, maar ook teen die charismatiese bewegings van hulle tyd.

Die afgelope vyfhonderd jaar was daar gedurig konfrontasie tussen die gereformeerde kerke en die charismatiese tipe bewegings. In die 18de eeu was dit John Wesley en die metodisme. In die 19de eeu was daar die heiligheidsbeweging met leiers soos Charles Finney. In die 20ste eeu het ons die opkoms

van die Pinksterkerke en die charismatiese beweging gesien.

Aan die begin van die 21ste eeu is daar in baie gereformeerde kerke 'n aanslag van die charismatiese beweging. Dikwels kom dit onder die vaandel van die 'evangeliese beweging'. 'n Voorbeeld is die Gereformeerde Kerken vrygemaak (GKNv) in Nederland wat tans duidelik 'n krisistyd beleef. Die groot gevaar vir die GKNv is waarskynlik nie dat hulle liberaal of Skrifkrities kan word nie, maar dat hulle evangelies/charismaties kan raak. In baie 'vrygemaakte' gemeentes word byvoorbeeld die Alpha-kursus gebruik. Hierdie evangelisasiekursus is gebaseer op die boek *Questions of Life* van die Anglikaanse predikant Nicky Gumbel. In hierdie boek is daar 'n sterk fokus op die werk van die Heilige Gees, en die manier waarop dit gebeur, is duidelik charismaties. Tongetaal is 'n belangrike punt. Gumbel sal nie sê dat dit verpligtend is om in tonge te praat nie, maar dit word as 'n positiewe ervaring vir elke Christen aanbeveel. Een van die hoofstukke het die titel 'How can I be filled with the Spirit?' (Hoe kan ek met die Gees vervul word?) As so 'n boek wyd in gereformeerde kerke gebruik word, kan dit nie anders nie of dit moet gevolge hê.

Dit is derhalwe nie verbasend nie (en ook verblydend) dat 'n aantal gereformeerde predikante in Nederland 'n boek gepubliseer het waarin hulle teen die invloed van die evangelies/charismatiese beweging probeer walgooi. Die boek het die veelseggende titel 'Meer dan genoeg'. Met ander woorde: In ons gereformeerde erfenis het ons 'meer as genoeg' gekry om die gawes van Christus en van die Heilige Gees ten volle te kan ontvang en gebruik. Een van die hoofstukke is deur prof. Hans Maris geskryf. Hy is professor in dogmatiek aan die Teologiese Universiteit van die Christelike

CHRISTUS EN DIE GEES

Die eerste kenmerk van die charismatiese beweging is dat die werk van die Heilige Gees so beklemtoon word dat dit die indruk skep dat die werk van Christus nie meer sentraal staan nie. Natuurlik word daar ook in charismatiese groepe op 'n positiewe manier oor die werk van Christus gepraat. Hy het immers deur sy dood aan die kruis vir ons vergewing van sondes gegee. Maar dan word gesê dat ons nou verder moet gaan. Dit is goed as jy vergewing en versoening ontvang het, maar nou moet jy 'n hoër vlak van Christenskap bereik en vervulling met die Gees ontvang. Jy moet byvoorbeeld oorwinning oor siekte behaal, 'n meer volmaakte Christelike lewe lei, en spesifieke gawes van die Gees ontvang. Dit klink amper asof 'n mens van grondvloer van die geloof na 'n hoër vlak van geloof moet opklim om die vervulling met die Gees te beleef.

Wat sê die Woord van God hieroor? Is dit so dat ons van die grondvloer (Christus se werk) na 'n hoër vlak moet beweeg (die Gees se werk)? Dit is merkwaardig dat Paulus in die brief wat handel oor die geestesgawes, juis Christus se werk benadruk: "Ek het my voorge neem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde" (1 Kor. 2:2). En in die brief wat oor 'volheid' handel (Kolossense), benadruk Paulus dat ons die volheid in Christus ontvang het en dat al die skatte van wysheid en kennis in Christus verborge is (Kol. 2:2-3). In dieselfde brief waarsku Paulus teen die gevaar van 'n strewe na sogenaamde 'hoër' ervarings. So iets is maar net 'n opgeblasenheid wat uiteindelik niks anders as 'n vleeslike gesindheid is nie (Kol. 2:18). Hy spoor die gelowiges aan om aan die Hoof,

Christus, vas te hou (Kol. 2:19). Blykbaar is dit 'n gevaar vir gelowiges dat ons die band met Christus, die Hoof, kan verloor. As 'n mens die Nuwe Testament lees, is dit opvallend dat Christus nooit agter die Gees verborge raak nie, maar dat die Gees juis gekom het om Christus alle eer te gee. Dit is wat Jesus self ook gesê het toe Hy die koms van die Trooster, die Heilige Gees, aangekondig het: "Hy sal My verheerlik" (Joh. 16:14-15). Dit is die taak van die Heilige Gees om van Jesus Christus te getuig (Joh. 15:26).

Werklike Geesvervulde prediking sal dus altyd prediking wees wat Christus en sy skatte en gawes sentraal stel. 'n Werklike Geesvervulde lewe sal 'n lewe wees waarin Christus en sy skatte en gawes sentraal staan. Paulus se waarskuwing aan die Korintiërs is ook vandag nog belangrik: "Ek is bang dat julle gedagtes weggelei sal word van die onverdeelde en suiwere toewyding aan Christus, net soos Eva verlei is deur die listigheid van die slang. Ek sê dit omdat julle so maklik daarmee genoeë neem as iemand 'n ander Jesus kom verkondig as wat ons verkondig het, en julle neem net so maklik 'n ander gees en 'n ander evangelie aan as dié wat julle van ons ontvang het." (2 Kor. 11:3-4, NAB) Dit is 'n baie ernstige waarskuwing! As daar nie meer onverdeelde en suiwere toewyding aan Christus is nie, kan dit beteken dat 'n "ander gees" die oorhand gekry het – en dit kan nie die Heilige Gees wees nie, want die Heilige Gees getuig juis van Christus.

GELOOF EN ERVARING

'n Tweede kenmerkende patroon van charismatiese denke wat prof Maris noem, is die nadruk op ervaring. Jy moet iets voel. Jy moet agterkom dat jy glo. Daar moet dinge gebeur in jou lewe. Veral moet jy die doop met die Heilige Gees ervaar.

Wat hierdie doop met die Heilige Gees presies beteken, is 'n vraag wat in die charismatiese beweging self verskillend beantwoord word.

Aanvanklik was tongetaal dié ervaring wat elke Geesvervulde Christen moes kry. Later het die nadruk op tongetaal minder geword en is ook ander ervarings, bv. genesings, profesieë, wonders en dies meer, as tekens van die doop met die Heilige Gees gesien. Wat egter strykdeur dieselfde bly, is dat die doop met die Heilige Gees as 'n ekstra, spesiale, buitengewone ervaring gesien word. Geesvervulde Christene het so 'n ervaring gehad. Die wat dit nie gehad het nie, is nog op die 'grondvloer' en het nog nie by die 'hoër vlak' van Christenskap uitgekome nie.

Wat sê die Woord van God hieroor? In die Nuwe Testament kry 'n mens glad nie die indruk dat geloof as iets minderwaardigs beskou word in vergelyking met ervaring nie. Ons lees dat geloof die verskil tussen verlore gaan en gered word beteken. Wie in Jesus Christus glo, het die ewige lewe; hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel (Joh. 3:15-18, ens.). Die geloof is die middel waarmee al die skatte en gawes van Christus ontvang word.

Bowendien lees ons in die Nuwe Testament dat gelowiges in 'n situasie kan beland waar daar geen ervaring hoegenaamd is nie. Daar kan aanvegtings wees, versoeking, beproewings. In sulke omstandighede is dit kenmerkend vir die gelowiges dat hulle hul vertrouwe op God vestig (nie op hul 'ervarings' nie). Die Heilige Gees help ons om ons sekerheid nie in onself te soek nie, maar om dit buite onself, in God se beloftes te soek. Daarom skryf Paulus byvoorbeeld dat ons die Gees ontvang het "sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het" (1 Kor. 2:12).

GENADE EN KRAG

Die derde kenmerkende patroon van charismatiese denke wat prof. Maris noem, is dat krag belangriker is as genade. Daar is 'n oorweldigende behoefte om geestelike krag te ervaar. Die woord 'power' is baie populêr. Ter illustrasie kan 'n mens na die boekies van John Wimber, *Power evangelism* en *Power healing*, verwys. Gevolglik is daar in

party charismatiese samekomste nie veel ruimte vir die verkondiging van die Woord nie, maar word daar baie tyd gegee vir die sogenaamde 'werk' met die Heilige Gees: genesings, duiweluitdrywings, ens.

Dit word natuurlik nie ontken dat genade 'n belangrike Skriftuurlike woord is nie. Tog is dit in die praktyk van die lewe so dat daar 'n soort van skeiding tussen die 'Christus van genade' en die 'Gees van krag' ontstaan. Weer eens is dit so dat 'genade' op die grondvloer van die geloof gevind word, terwyl dit van 'n mens verwag word om op te klim na die hoër vlak waar geestelike krag ervaar word.

Wat sê die Woord van God hieroor? As 'n mens die Nuwe Testament lees, is dit duidelik dat genade 'n baie belangrike begrip is. Deur die genade van God word mense gered. Deur die genade van God doen gelowiges werke van barmhartigheid (2 Kor. 9:14). Natuurlik is dit so dat hierdie genadewerkinge impliseer dat enorme kragte werksaam is. Die woord 'krag' is inderdaad 'n belangrike woord in die Bybel. "God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing" (2 Tim. 1:7) Waar die Heilige Gees werk, daar is krag, en gelowiges sal ook hierdie krag in hulle lewe ervaar. As 'n mens egter die ervaring van hierdie geestelike krag as 'n doel op sigself gaan najaag, sal op die ou end die mens self sentraal staan. Bowendien is daar ook geestelike kragte wat nie van God uitgaan nie, maar wat 'n ander bron het.

Benny Hinn, 'n bekende profeet van die charismatiese beweging, het in 1989 geprofeteer dat God in 1994 of 1995 die homoseksuele beweging in die VSA deur vuur sou vernietig. Dit het nie gebeur nie. Ook het hy geprofeteer dat daar op 3 Maart 2003 wêreldwyd 'n enorme bonatuurlike gebeure sou plaasvind. Dit het nie gebeur nie. Volgens Deut. 18:20-22 beteken dit dat Benny Hinn 'n valse profeet is. Bowendien het hy self gesê dat hy openbarings ontvang het tydens

visioene van ontmoetings met dooies in die doderyk. In 1991 het hy die graf van die Pinkstervoorganger Aimee McPherson besoek om daar 'n besondere 'salwing' te ontvang. Al hierdie inligting dui daarop dat die kragte wat in Benny Hinn werksaam is, nie die kragte van die Heilige Gees is nie, maar van 'n ander gees.

Kenmerkend vir die ware Christelike geloof is dat "ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie" (2 Kor. 5:7). Die realiteit van die lewe is hard, ook vir Christene. Ons aardse tentwoning word afgebreek, ons sug en ons is swak. Dikwels is daar, vir wat die oog kan sien, baie min 'krag' waarmee daar gespog kan word. En tog is daar die innerlike krag, die geloofskrag wat deur die Heilige Gees gewerk word, wat maak dat die ware gelowige "altdy goeie moed" het en daarna uitsien "om liever uit die liggaam uit te woon en by die Here in te woon" (2 Kor. 5:8).

GROEI EN OORWINNING


Die vierde kenmerkende patroon van charismatiese denke wat prof. Maris noem, is 'n neiging tot triomfantalisme. Die begrip 'oorwinning' is baie belangrik. Die charismatiese, Geesvervulde Christen moet altdy kan getuig van besondere dinge wat gebeur het en van oorwinnings wat behaal is. In charismatiese samekomste moet daar van besondere ervarings vertel kan word. 'n Geesvervulde Christen moet 'n triomfantelike uitstraling hê. Depressief wees is eintlik onmoontlik. As iemand depressief is, is hy waarskynlik nie meer "in die Heer" nie.

Wat sê die Woord van God hieroor? Die Christelike lewe word in die Skrif nie as 'n geestelike staptoer op die toppe van die berge beskryf nie. Die 'oorwinnings' waaroor die Bybel praat (genesings, wonders, ens.) is veral *tekens* dat die Koninkryk van God gekom het. Hierdie tekens is nie bedoel om kenmerkend te wees vir die alledaagse Christelike lewe nie.

Die Here Jesus het self die houding gekritiseer van die mense wat altdy

VERANDERING IN REDAKSIE

Met die benoeming van Dr AJ de Visser as professor aan die Teologiese Skool van ons susterkerke in Kanada, het daar 'n vakature ontstaan as eindredakteur. Die uitgewer het ds E Viljoen as eindredakteur benoem. Verder is ook ds J van der Linden en Mev G van den Berg in die redaksie aangestel.



Ons wil graag Dr. de Visser bedank vir die werk wat hy verrig het en hom God se seën toewens vir sy nuwe taak. Verder wil ons die nuwe lede van die redaksie God se seën toewens vir die werk wat hulle gaan verrig.

Namens die Uitgewer,
G de Jager

tekens en wonders wil sien (Joh. 4:48). Die Skriftuurlike benadering is nie 'n soeke na spektakels nie, maar 'n weg van erkenning van skuld en die besef dat ons van genade leef. Die Christelike geloof is nie 'n teatervoorstelling waarby die een spektakel die ander een opvolg nie. Dit is 'n weg van groei in kennis en in genade van Christus. "Julle moet toeneem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus." (2 Petr. 3:18) Groei in geloof beteken nie dat 'n mens al hoe meer verbasende oorwinnings oor siekte of oor demone behaal nie, maar dat 'n mens die liefde van Christus al hoe meer leer ken. As Paulus praat van "vervul word tot al die volheid van God", beteken dit vir hom dat ons "die liefde van Christus ken" (Ef. 3:18-19).

SONDE: STRYD EN OORWINNING

Die vyfde kenmerkende patroon van charismatiese denke wat prof. Maris noem, is 'n neiging tot perfeksonisme. Dit wil sê dat die sonde gesien word as iets waarmee 'n mens as Christen reeds klaargespeel het. Daar is leiers van die Pinksterbeweging wat meen dat 'n Christen die vyfde bede van die Onse Vader ('vergewe ons ons skulde') nie meer behoort te bid nie. Ander voorgangers is meer gematig en sal nie ontken dat 'n Christen nog sonde kan doen nie. Tog is daar oor die algemeen 'n neiging om die realiteit van die sonde te ignoreer. Prof Maris noem

die voorbeeld van 'n gesprek wat hy met 'n Pinkstergelowige gehad het. Toe hy die persoon vra of daar nog sonde in die lewe van 'n Christen is, was die antwoord: "Ons praat nie eintlik daaroor nie. Ons is maar net altdy bly."

Wat sê die Woord van God hieroor? Vir die apostel Paulus is daar in die Christelike lewe 'n voortdurende stryd teen "die ou mens". Hy skryf aan die gelowiges in Efese dat hulle die ou mens moet aflê en dat hulle vernuwe moet word in die gees van hulle gemoed (Ef. 4:22-23). Paulus sien homself ook allermins as 'n perfekte Christen. "Ek, ellendige mens", sê hy (Rom. 7:24). In al die briewe van die Nuwe Testament vind 'n mens aansporings vir die stryd teen die sonde wat nog oorgebly het in die lewe van die gelowiges. As iemand dink dat hy klaargespeel het met die sonde, mislei hy homself (1 Joh. 1:8). Sondag 21 van die Heidelbergse Kategismus praat tereg van "my sondige aard waarteen ek my hele lewe lank moet stry".

Die belofte van die evangelie is nie dat ek in hierdie lewe alreeds sondeloos kan word nie, maar dat die vele sondes wat ek in hierdie lewe gedoen het, almal vergewe word deur die bloed van Christus en dat Christus, deur sy Gees, ook inderdaad my lewe vernuwe na sy beeld (Sondag 32 HK.). Maar

ons word nie sonde-loos nie, altans, nie nou al nie.

VRUGTE EN GAWES

Die sesde en laaste kenmerkende patroon van charismatiese denke wat prof Maris noem, is dat die gawes van die Gees oorbeklemtoon word ten koste van die vrug van die Gees. Bowendien is daar ook in hierdie geval weer 'n een-sydige belangstelling vir die meer sensasionele gawes van die Gees, soos bv. tongetaal en genesings. Daar is nie baie belangstelling vir die gawes wat Paulus in Rom. 12:6-8 noem nie, want dit is te 'gewoon': onderrig gee, leiding gee, vermaning gee, ywerig wees, barmhartigheid bewys, ensovoorts. Daardie gawes is blykbaar nie opvallend genoeg nie ...

Wat sê die Woord van God hieroor? In 1 Kor. 12-14 praat Paulus duidelik oor die doel van die gawes. Die doel van die geestelike gawes is dat die gemeente opgebou moet word. "As julle streef na geestelike gawes, moet julle probeer om uit te munt tot stigting van die gemeente" (1 Kor. 14:12). In die gemeente van Korinte was daar blykbaar by sommige 'n neiging om te streef na die gawes wat 'n mens laat uitstaan, wat 'n mens onderskei van ander mense, soos tongetaal. Daarom plaas Paulus die gawe van tongetaal doelbewus onderaan die lys van geestelike gawes (1 Kor. 12:10, 30)!

Die geestelike gawes is nie gegee om die mens wat dit ontvang het, te verheerlik nie. Dit is gegee tot opbou van die gemeente. Nie die mens met sy gawes en sy geestelike hoogtepunte moet in die gemeente sentraal staan nie, maar Jesus Christus. In Hom het ons alles ontvang. In sy genade, in sy werk wat Hy op Golgota volbring het. In sy Gees, wat alles uit Hom neem en wat Hom verheerlik.

N.a.v. H. ten Brinke, J.W. Maris, e.a.: Meer dan genoeg. Het verlangen naar meer van de Geest. Barneveld: De Vuurbaak, 2004. Hierdie artikel is 'n verwerking van hoofstuk 9, geskryf deur J.W. Maris: Charismatisch signalement (p. 124-143) ✕

Twee teologie studente "vang graad"

Jan en Juliët de Mooij

ONDERHOUD

Op Saterdag 20 Maart 2004 het ons studente Erik van Alten en Axel Hagg afgestudeer aan die Teologiese Skool van die Vrye Gereformeerde Kerke. Ons het met hulle gesels oor hulle studie en oor die toekoms.

AXEL, WAT HET JOU LAAT BESLUIT OM TEOLOGIE TE STUDEER?

Vanaf my hoërskool-dae het ek gereeld saam met ds. De Visser na Soshanguve gegaan en daarvan gehou om by die gemeente- en jeugwerk betrokke te wees. Tog was ek op daardie stadium



nog nie daarvan oortuig dat ek self predikant wou word nie. Daarom het ek eers 'n BA-graad in Volkekunde en Ekonomie by Universiteit van Pretoria (UP) in 1995 voltooi, met die oog daarop om nagraads in Ontwikkelings-ekonomie te spesialiseer.

Ek het in my laaste studiejaar van my BA-graad egter tot die oortuiging gekom dat die Here my roep om bedienaar van die Woord te word. Nadat ek hierdie besluit gemaak het, het ek myself begin voorberei met die oog op studie aan die teologiese skool van ons susterkerke in Hamilton, Kanada.

VERTEL ONS VAN JOU VOORBEREIDENDE STUDIES?

Tydens my voorbereiding vir Kanada het ek deelyds Hebreeus, Grieks en Latyn by UNISA gestudeer en het ek voltyds gewerk om soveel moontlik van my studieskulde van my eerste opleiding terug te betaal. Die kerke het in hierdie tyd oorgegaan tot die oprigting van 'n eie teologiese opleiding, met Jopie van der Linden as eerste student. Gevolglik het ek my voorbereiding vir Kanada gestaak en my talestudie voltyds by UP voortgesit, waarna ek my in 2000 by ons eie teologiese opleiding aangemeld het.

Die talestudie by UP was baie leersaam, omdat 'n mens die effek van die Skrifkritiek baie duidelik in die klas kon sien en ervaar. Ek het in daardie tyd goeie bande opgebou met medestudente wat ook Gods Woord as onfeilbaar wou hanteer en ook, hoewel dit dikwels konfronterend was, 'n goeie verhouding met die dosente gehad. Die ongereformeerde invloede wat jy in so 'n periode ervaar, moet 'n mens nie onderskat nie. Alhoewel dit goed is om hierdie blootstelling te hê, is dit myns insiens belangriker dat ons ons eie gereformeerde taalopleiding moet hê.

HOE HET JY DIE TEOLOGIESE OPLEIDING ERVAAR?

Die kontak tussen studente en dosente was baie goed en Erik en ek het mekaar goed aangevul en ondersteun. Die feit dat die dosente ook in die bediening staan, het ons as baie positief ervaar, omdat die opleiding nie slegs tot die akademie beperk was nie, maar die dosente ook hulle praktykervaring met ons gedeel het. Die opleiding het groot opofferings

van die dosente geverg, maar daardeur was die kwaliteit van die lesse deurgaans van hoë gehalte. Verder is daar baie moeite gedoen om plaaslike en buitelandse gasdosente te reël, wat die opleiding nog 'n ryker invulling gegee het. Die werkklas vir ons as studente was ook baie hoog, veral wat betref die groot hoeveelhede leeswerk waarvoor eksamens afgelê moes word. Daardeur het die dosente egter die hoë akademiese vlak bly handhaaf en dit het ons ook gehelp om solank aan die werksdruk, wat ons in die pastorie sal ervaar, gewoon te raak.

WAT WAS JOU SPESIALISASIE WAARMEE JY JOU STUDIE AFGESLUIT HET?

Beide kerkreg en die sending het my nog altyd baie geïnteresseer. My skripsie het gehandel oor *'Kerkreg in die sendingsituasie – die tuisbring van kerkregtelike beginsels in die sendinggemeente'*. Dr. J.A. Breytenbach het saam met my hierdie onderwerp gekies en my hierin uitstekend begelei. Dit het duidelik geword dat hierdie onderwerp nog nie voorheen deeglik bestudeer is nie en veral vir ons situasie in Suid Afrika baie belangrik is. Dit is ook 'n onderwerp waarop ek my in die toekoms verder wil verdiep.

BETEKEN DIT DAT JY JOU OOK OP DIE SENDING SOU WIL TOESPITS?

Die sending het op die oomblik 'n koördineerder nodig, iemand wat reeds ervaring in 'n gemeente gehad het en leiding aan die voorgangers in die sendinggemeentes kan gee. Alhoewel ek liefde vir die sending het, sou dit goed wees as ek eers in 'n gewone gemeente, saam met 'n gevestigde kerkraad, sou dien. Maar dit is natuurlik maar net my eie oorwegings, die Here sal uiteindelik sy pad daarin vir ons wys.

WAT HOU DIE PAD VORENTOE VIR JOU IN?

Na 'n periode van byna tien jaar se studie, sien ek baie daarna uit om as bedienaar van die Woord te kan begin werk. Daarom hoop ek om op DV 8 Mei 2004 deur die klassisvergadering geëksamineer te word. As ek die eksamen slaag, sal ek daarna in die kerkverband beroepbaar wees. Daar is verskillende moontlikhede en ek vertrou dat dit oor die komende tyd duidelik sal word waar die Here my in diens van sy Koninkryk wil gebruik.

ERIK, VERTEL ONS MEER OOR JOU ROEPING TOT DIE STUDIE VAN TEOLOGIE?

In my jeugjare het ek dikwels oorweeg om predikant te word, maar ná skool uiteindelik besluit om Maatskaplike Werk te begin studeer om my moontlik later toe te spits op die Sielkunde. Tydens my eerste jaar (1996) het die Sinode die wenslikheid van 'n eie teologiese opleiding uitgespreek. Nadat ek die saak in gebed oorweeg het en ook deur aanmoediging van die kerkraad, het die Here dit so gelei dat ek in Januarie 1997 ingeskryf het vir die BA-tale aan die Universiteit van Stellenbosch.



HOE HET DIE STUDIE VERDER VERLOOP?

Die studie Grieks, Hebreeus en Latyn het ek in 1999 voltooi. Direk hierna het my teologiese opleiding aan die Teologiese Skool van die VGKSA begin. Dit behels 'n vierjaar graad, M.Div (of meestersgraad in die Godsgeleerdheid), wat afgesluit word met die skryf van 'n tesis. Saam met hierdie studie het ek ook 'n meestersgraad (MA) in Bybeltale (Grieks en Hebreeus) aan die Universiteit van Stellenbosch gevolg, waarvan ek hoop om die tesis binnekort af te rond.

HOE HET JY DIE STUDIE AAN STELLENBOSCH ERVAAR, MET BETREKKING TOT BYVOORBEELD SKRIFKRITIEK?

Die studie van Bybeltale word aan die universiteit veral "wetenskaplik" benader, en daarom word die student ontmoedig om teologiese argumente te gebruik. Wat natuurlik vir die gereformeerde student onmoontlik is! Dit bring jou dan in situasies waar jy, veral as jong student, konstant op jou hoede moet wees en soms gekonfronteer word met sake wat jou geloof in die Woord van die Here raak. Ds. Viljoen was vir my in hierdie periode 'n groot ondersteuning, waarvoor ek baie dankbaar is. Vir die toekoms is dit beslis wenslik dat die tale deur ons eie opleiding aangebied of ten minste aktief begelei word.

WAT WAS JOU INDRUKKE EN ERVARING VAN ONS EIE TEOLOGIESE OPLEIDING?

Dit was veral 'n veilige gevoel, na die ervarings van Stellenbosch, die wete dat hier alleen vanuit Gereformeerde beginsels geredeneer word. Die feit dat Axel en ek mekaar as studiegenote gehad het, was baie positief en het stimulerend gewerk. Hoewel 'n mens dikwels bewus was van hoe klein ons van getal is, was die vertroude altyd daar dat dit voor die Here deel van 'n grootskaalse plan is. Ons eie dosente het lesings van hoogstaande gehalte gelewer en ons het natuurlik die voordeel gehad van persoonlike begeleiding. Van tyd tot tyd kon ons ook geniet van buitelandse gasdosente, wat deur hulle jare ervaring geleer het om op 'n besondere manier die onderwerpe te belig. Die feit dat die graad nog nie akkreditasie het (erken word deur ander universiteite) nie, was vir my nooit 'n beswaar nie, dis eerstens van belang dat die kerke die opleiding erken. Tog is akkreditasie op die langer termyn baie belangrik, en iets wat die kuratore hopelik binnekort kan afdhandel.

WAT WAS DIE ONDERWERP VAN JOU TESIS EN WIE WAS JOU STUDIEBEGELEIER?

Die titel daarvan is "Die Evangelie vir Antiochië – 'n eksegetiese studie oor Handeling 13:13-52" en ek is deur Ds. P. Nel daarin begelei.

HOE SIEN JY DIE OPLEIDING IN DIE TOEKOMS?

Selfs al is daar geen nuwe studente in 2004 nie, is dit van belang dat die opleiding volstroom voortgaan. Die dosente bly hulle voorberei, deur verdere studie en die skryf van publikasies. Daar is baie moontlikhede vir die toekoms. Daar is byvoorbeeld verontruste studente wat steeds meer by ons, as ware gereformeerde opleiding, toenadering en hulp soek. Hoewel ons nederig moet bly, mag ons groots bly dink van die opleiding en van die plan wat die Here daarmee het!

Dit is my bede dat die opleiding veel meer 'n saak van die gemeentes sal word, dat dit deur hulle op die hart gedra sal word en dat dit samebindend sal werk. Dit is ook my oortuiging dat ons tot een opleiding moet kom met ons Sothosprekende broeders en susters: eenheid in die geloof moet uiting vind in een opleiding. Wanneer dit groot uitdagings inhou mag ons ook vertrou op die middele en die gawes wat die Here sal gee.

IN APRIL 2004 VERTREK JULLE (JOU VROU, TINEKE EN JULLE BABASEUNTJIE, JÚHAN) NA NEDERLAND, VERTEL ONS MEER DAAROO?

Ons het gedurende die afgelope maande nagedink oor die plan wat die Here met ons het vir die toekoms, ook omdat daar op kort termyn geen konkrete beroepingsmoontlikhede vanuit die Suid-Afrikaanse kerkverband is nie. Ons het onder andere navraag gedoen by die Theologiese Universiteit (te Kampen, Nederland) oor die moontlikhede om daar verder te studeer. Na korrespondensie met die hoogleraars in Kampen is ek toegelaat tot die eenjarige studie M.Th (meestergraad in Teologie), waaroor ons ontsettend dankbaar en opgewonde is. Ons is oortuig dat dit 'n geleentheid is wat die Here op ons pad geplaas het, en sien dit as 'n goeie geleentheid om my verder te bekwaam en daardeur ook die kerke in Suid-Afrika te dien. Die moontlikheid sou bestaan om 'n doktorsale studie hierop te laat volg, maar dit is nie iets wat ons nou oorweeg nie.

SIEN JULLE UITEINDELIK JULLE ROEPING IN SUID-AFRIKA OF ELDERS?

Ons sal gaan waarheen die Here ons roep, maar ons hart lê definitief in Suid-Afrika! Ons hoop en vertrou ook dat die Here in die toekoms die geleentheid sal gee sodat ons ons gawes in die Suid-Afrikaanse kerkverband kan gebruik. ☩



FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031
Faks 012 329 5927

Boeke van V.E. d'Assonville:

Bloedrivier

Een van die grootste dramas in Afrika – keerpunt van 'n beskawing. Met foto's. 79p. Ook in Engels beskikbaar. Prys: R40

Calvyn verdedig sy stad

Sy stryd in ballingskap. 16p. Prys R3

Die Boek Openbaring Lig van God se Woord op die wêreldgebeure. Sagteband. 191p. R30

Dit is Totius (Biografie. Hardeband. 284p. 50 foto's. Genommerd. Prys R200

Dogmageskiedenis (Kerk se leer) – die waarheid en dwalings. 83p. Prys R10

Gereformeerde Doopformulier God se beloftes en eise aan ons, 114p. Prys R10

Gids vir die Kerkgeskiedenis Die duidelike pad van die Gereformeerde kerke in die geskiedenis, Met foto's. 245p. Prys R30

Kerk op die Wit Hooglande Die ossewatrekke en Boerepioniers wat die Gereformeerde kerke in Kenia vestig. Met foto's 128p. Prys R25

Kerkgeskiedenis in 30 lesse Wat ons kinders van die Kerk moet weet. Foto's. 117p. Prys R10.50

Kruger en Rhodes Die berugte Jameson inval 1896 en die aanslag van Milner Teen Transvaal in 1899. 82p. met foto's. Prys R40

Majuba Die ongelooflike Boereoorwinning oor oor Groot Brittanje op 27 Februarie 1881. Met foto's. Afrikaans, 2e Uitgawe, 75p. Prys R40

Majuba (Engels), 60p. Prys R40

Op die bodem van die Vaaldam

Dramatiese geskiedenis van 'n boereplaas wat in 1936 deur die Vaaldam se waters toegestoot is. Die aangrypende episodes van hierdie mense in die Anglo-Boereoorlog, die krygsgevangene en konsentrasiekampe en die Rebelle van 1914 saam met genl De Wet. Nuwe navorsing, 211pp, Met foto's Prys R100

SJ du Toit van die Paarl (Biografie, hardeband, 450p. 50 foto's). Prys R150

Totius se Oorlogsdagboek Die digter Totius se ervarings as Kaapse rebel 1899 – 1900, 72pp, foto's Prys R40

VERKIESING 2004 – 'n NABETRAGTING

A Roos

SAMELEWING

Sonder twyfel verdien die Onafhanklike Verkiegingskommissie (OVK) 'n pluimpie vir die uitstekende werk wat gedoen is in die aanloop tot, tydens en na die verkiesing van 14 April.

Om voorsiening te maak vir 'n voldoende aantal stempunte dwarsdeur ons land, stembriewe, persoonel e.d.m. wil gedoen wees. Om binne 'n beperkte aantal dae meer as 15 miljoen stemme te tel, te ouditeer en die uitslag aan die media bekend te stel is 'n prestasie.

Ook dank aan die polisie en die SANW wat deur hul sigbare aanwesigheid bygedra het dat die verkiesing glad, ordelik en sonder geweld of intimidasie plaasgevind het.

In tien jare se demokrasie het Suid-Afrika sy les geleer om vry en regverdige verkiesings te hou wat voldoen aan Eerste Wêreldstandaarde.

BELOFTES

Soos verwag, en in die verkiesingsuitgawe van Kompas bespiegel, was die verkiesingsveldtogte van

die onderskeie politieke partye voorspelbaar en bra vervelig. Beloftes het vanaf die lamppale langs ons paaie ons toegeskreeu en elke weldenkende mens het sy bedenkings gehad. "Beveg armoede, stem ANC", "Een miljoen werkgeleenthede, stem DA", "Hou die Wes-Kaap uit die hande van die ANC, stem NNP", "150 000 polisie-manne (wat jy, terloops, waar kry?) stem DA", "Daar is hoop (terloops, vir wat?), stem VF+" en so kan ons aangaan.

Ook het hulle mekaar sleg gesê: "NNP is ANC, stem DA" of "DA in die regering – as perde horings kry, stem NNP". Wat ontbreek het, is 'n uitgewerkte plan wat die kiesers voorhou hoe om een miljoen werkgeleenthede te skep, hoe om korrupsie hok te slaan, hoe om armoede en misdaad te beveg, ens. Ook in die pers en ander media het partye in gebreke gebly om hul verkiesings-manifeste te omskryf. Publieke debatte tussen politieke leiers het, altans in die Wes-Kaap, 'n geskerm met woorde en politieke retoriek gebly. Gevolglik het die

oorgrote gedeelte van die kiesers eerder met hul hart as met hulle verstand gestem.

Dit neem nie weg dat daar nogtans 'n demokratiese proses plaasgevind het. Mense kon hulle demokratiese reg uitoefen en hulle het dit gedoen met 'n stempersentasie van amper 77%. Of dit 'n ingeligte stem was, is 'n perd van 'n ander kleur.

VERRASSINGS

Die uitkoms van die verkiesing, soos in onderstaande tabel weergegegee, was in groot trekke voorspelbaar.

Party	Stemme	%	Setels
ANC	10 878 251	69,7	279
DA	1 931 201	12,4	50
IVP	1 088 664	7,0	28
UDM	355 717	2,3	9
OD	269 765	1,7	7
NNP	257 824	1,7	7
ACDP	250 272	1,6	6
VF+	139 465	0,9	4
UCDP	117 792	0,8	3
PAC	113 512	0,7	3
MF	55 267	0,4	2
AZAPO	41 776	0,3	2

Niemand het getwyfel aan 'n oorgrote meerderheid vir die ANC nie. Ook kon verwag word dat die kleiner partye, soos die UDM, ACDP



"Soos verwag was die verkiesingsveldtogte van die onderskeie politieke partye voorspelbaar en bra vervelig. Beloftes het vanaf die lamppale langs ons paaie ons toegeskreeu en elke weldenkende mens het sy bedenkings gehad . . ."

en Minority Front, hul stempersentasie sou behou, of marginaal verbeter of versleg.

Die groot verrassing was natuurlik die verlies wat die NNP ervaar het. Blykbaar het die samewerking van die party met die ANC nie goed afgegaan nie. Net in die Westelike Provinsie het dié party nog 'n skyn van mag behou. In die ander provinsies is die eens magtige politieke party vrywel tot niet.

Die ander verrassing was die relatief groot aanhang wat die Onafhanklike Demokrate (OD) van mevrou Patricia de Lille verwerf het. Met 'n verkiesingsmanifes wat nie veel van die ander partye verskil het nie wil dit voorkom dat mevrou de Lille 'n sterk persoonlike populariteit besit. Weer eens 'n bewys dat baie kiesers met hul hart en nie met hul kop gestem het nie.

Ook vir die IVP sal die relatief geringe aanhang 'n bitter pil wees om te sluk. Veral in die lig daarvan dat die beheer oor die provinsie KwaZulu-Natal vir die IVP in die gedrang kom. 'n Ander teleurstelling is dat ons land nie te vinde is vir 'n Christelike beginsel politiek nie. Al met al het die partye wat die woord "Christelik" in hul naam voer 'n skamele nege van die 400 setels in die Parlement. Ook die partye wat die saak van die Afrikaner voorstaan, nl. die VF+ en die NA, het baie sleg daarvan afgekomen en 'n skamele 1% van die aantal stemme verwerf met slegs vier setels in die Parlement. Dit wil voorkom dat die tier in die Afrikaner wat so lank 'n Christelike etiket gehad het, dood is en dat Afrikaners eerder hul tuiste soek in die opposisie politiek van die DA waar van enige Christelike waarde nouliks of geen sprake is nie.

VERWAGTINGS

Wat kan ons verwag vir die komende vyf jare? Uit die aard van die saak

bly dit bespiegeling, niemand kan in die toekoms sien nie. Nogtans is 'n aantal afleidings moontlik. Op kort termyn sal ons moet afwag watter politici van watter partye dink aan watter kant hul brood gebotter is as die "oorloop" geleentheid hom later die jaar weer voordoen.

Terwyl in hierdie bydrae genoem is dat rasionaliteit by 'n groot deel van die kiesers op die oomblik ontbreek, moet tóg verwag word dat in die komende vyf jare verkiesingsbeloftes nagekom word. Per slot van sake groei 'n kieserspubliek op waar die *struggle* iets van die verlede is en tot die geskiedenis behoort. Hierdie beloftes hou in 'n vermindering van werkloosheid, 'n toename in welvaart, afnemende korrupsie en 'n terugdring van misdaad.

Dit was reeds die afgelope tien jare die voorneme van die regerende party maar van die verwerkliking daarvan het bitter min gekom. Die ANC sal 'n ernstige poging moet aanwend om sy doelstellings te verwesenlik. Daar kom 'n stadium waar die kiesers verantwoording sal vra en daaraan uitdrukking gee by 'n volgende verkiesing. Politieke kommentators verwag dan ook dat as die belofte nie na wense nagekom word nie 'n skuif na politiek links of regs sal kan plaasvind.

Een aspek hiervan is die groeiende behoefte na grondbesit. Die huidige regering wil ten alle koste 'n herhaling van wat in Zimbabwe afspeel hier voorkom, maar dan sal tog in die komende klompie jare in die groeiende behoeftes in die verband voorsien moet word.

Verder moet verwag word dat die ANC meer gebruik sal maak van stoomroller-beleid om sy planne en bedoelings deur te druk. 'n Meerderheid van bykans 70% in die Nasionale Vergadering maak so 'n taktiek moontlik.

Of hulle die geleentheid sal aangryp om die Grondwet te verander waar hulle dit pas bly 'n oop vraag. Dit is 'n aantreklike opsie maar is onderhewig aan die mening van buitelandse handels- en politieke belange. Waar die ANC hom beywer vir die bevordering van skoon en demokratiese administrasies in Afrika in 'n Nepad konteks sal so 'n stap beteken dat hy homself in die voet skiet. Dit moet nog gesien word in hoeverre Nepad werklik belangrik is vir die regering. Per slot van sake is die hemp nader as die rok.

Wat die Onafhanklike Demokrate (OD) betref is dit noodsaaklik dat die statuur van hierdie opposisie party hom los maak van die populariteit van De Lille. Dit is goed dat 'n politieke party in verkiesingstyd steun op die gewildheid van sy leier (wat by die NNP kennelik nie gebeur het nie) maar vir die voortbestaan is belangrik wat vermag word in die doen en late binne die Nasionale Vergadering wat duidelik 'n ander karakter moet hê as die reeds bestaande opposisie.

Wat die amptelike opposisie betref kan verwag word dat met die pragmatiese beleid wat die DA tot nou toe gevolg het voortgegaan sal word. Met slegs 50 van die 400 setels in die Parlement moet nog gesien word hoe effektief die amptelike opposisie is.

Politieke partye met 'n duidelike Christelike sinjatuur, soos die ACDP, sal hul beginsel beleid moet voortsit. In die lig van die feit dat die kieserspubliek nie te vinde is vir 'n Christelike beleid nie sal die partye moet aangaan met 'n getuienis wat inhou dat Bybelse norme vir die politieke samelewing 'n gegewe moet wees. Daar rus 'n verpligting om hierdie Bybelse norme as 't ware te vertaal na die praktiese politiek en dit op waardige wyse uit te dra. Met beperkte mannekrag is dit 'n enorme taak. ▀